

9 September

Hulle wat reeds na die Here vertrek het, bemoedig ons

Skrif- en Fokusgedeelte: Hebreërs 12:1-3

As ons 'n dierbare verloor het, is alles nie met die begrafnis verby en afgehandel nie. Vrae bly in ons kop vassteek. Waar is hy/sy op hierdie oomblik? Weet hulle wat oorlede is van ons hartseer en ons moeite om maar net aan te gaan?

Hebreërs 12:1-3 lig vir ons 'n sluier op 'n skrefie. In Hebreërs 11 word gepraat van die geloofshelde wat reeds vertrek het en by die Here is. Hebreërs 12:1 sê dat hulle wat reeds ontslaap het, 'n bepaalde taak het. Hier word die beeld van 'n atletiekbaan gebruik. Op die baan is deelnemers wat vandag nog hardloop. Langs die baan is 'n ontelbare getal toeskouers wat die wedloop reeds voltooi het. Hierdie toeskouers word geloofsgetuies genoem. Hulle het reeds die wedloop op die baan voltooi en na die paviljoen vertrek om ons as geloofsgetuies te bemoedig. In ons herinneringe sê hulle aan ons: Ons het volhard – hou julle ook aan tot die einde toe. Moenie verslap nie, moet nie twyfel nie. Volhard tot die einde toe. Hou in die geloof aan God vas. Kyk na Jesus wat die wedloop begin en voltooi het, en nou by die wenpaal wag.

Waar is ons dierbares wat vertrek het? Hulle het die wedloop voltooi. Hulle bemoedig ons nou.

Sing: Skrifberyming 18-6:1-5

Prof. Cassie Venter (Emeritus)